

https://dspace.org/

Die Afrikaanse volkswetenskap

Hudson, Charles William

2015-02-06
http://hdl.handle.net/10539/16902

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

maar so'n stelling skyn foutief te wees as ons daarby onthou dat sprinkane hier alreeds baie skade aan oeste gedoen het.[1] Die slangvoël of sekretarisvoël word as 'n simpatieke dier gehuldig.[1] Ook word die Hottentotsgoed gespaar.

'n Ander dier wat ook as 'n nuttige voël in die Afrikaanse Volksgeloof beskou word, is die heuningvoël. In 1776 skryf Sparrman dat die heuningvoël heeltemal onbekend is in die onmiddellike omgewing van Kaapstad. Die eerste melding wat hy van die voël aan die Kaap gehoor het, was naby 'n plek wat hy die Grootvadersbos noem. Hy deel mee dat die Hollandse koloniste die naam H o n i g w i j z e r aan die voël gegee het. Die inslag van die geloof dat hierdie voël 'n mens na heuning lei, moet dus beide diep en oud wees. Die naam, vervolg Sparrman, het ontstaan deurdat die voël wilde heuning aanwys. Kaffers, Hottentotte en die koloniste ken die voël dan ook vir hierdie eienskap. Verder val ratels ook in die heuningvoël se goeie guns deurdat hulle die geroep van die voël gehoorsaam en dan na die nes gaan, dit oopbreek, en die heuning te ete kry. Self is die voël ook lief vir heuning, dit is dan ook die rede dat hy so gretig is om 'n mens of dier te kry om die heuning te gaan uithaal. 'n Eienaardigheid van die voël se keelgeluid gee aanleiding vir die heuningjagter om hom te volg. Sodra hy sien dat daar gehoor gegee word aan sy geroep, vlieg hy kort entjies vorentoe sodat hy in die oog van die heuningjagter bly. As hy reg bokant die heuning kom, bly hang hy vir 'n rukkie in die lug. Hoe nader die jagter aan die nes kom, hoe meer opgewonde raak die voël.

Dan maak Sparrman ook melding dat die voël 'n mens somtyds op 'n slang instede van 'n heuningnes afbring. Hy het dit self egter nooit waargeneem nie, maar slegs daarvan gehoor van die koloniste.[2]

Die heuningvoël is 'n heeltemal nuwe verskynsel in die Afrikaanse Volksdierkunde. Dit is 'n begrip wat waarskynlik spruit uit die volk se sin vir vergelding van morele onreg: as 'n mens die voël eenkeer bedrieg, en a l die heuning verwyder, sodat hyself niks kry nie, mag hy hom wreek deur 'n mens in goeder trou op 'n slang af te lei. Die volk skryf dus 'n redeneerkrag en 'n sin vir moraliteitswette aan die voël toe, wat 'n voorbeeld is van die volksmens se aangebore neiging om menslike hoedanighede aan diere toe te skryf.

As kinderbeskerger is die ooievaar nie meer by ons baie algemeen bekend nie. Die etimologie i.v.m. die woord o o i e v a a r dui

---

1) Vgl. Schonken, p. 104.

2) Sparrman, dr. A., „An Account of a Journey into Africa from the Cape of Good Hope, and a description of a new species of Cuckoo", 1776, p. 43 - 45.

op die algemene Europese opvatting in verband daarmee: ooievaar < ode + vaar; vaar > baar, d.i. ode = skat + baar (dra), d.i. skatbringer.

Die ooievaar is vervang in hierdie hoedanigheid deur die kraanvoël en die sprinkaanvoël (Kakamas, Avontuur, Krugersdorp, Potchefstroom).[1] Meer algemeen het die ooievaar die bobbejaan geword in hierdie opsig;[2] 'n deureenlopende trek i.v.m. die ooievaar skyn dus te wees dat dit algemeen beskou word as 'n dier van geluk. Vanweë die Nederlandse volksgeloof moes dit Suid-Afrika bereik het. Alfons de Kock meld dat as die ooievaar vlieg, dit as 'n goeie voorteken in Nederland beskou word. As jy hom in Friesland, Gelderland en Oldenburg sien, sal dit 'n goeie somer wees vir buitenshuise vermaaklikhede.[3] In Nederland beteken die eerste ooievaar van die jaar aan die regterkant gesien, geluk; aan die linkerkant, ongeluk.[4] Die swaan, wat in ons volksdierkunde geheel afwesig is of weinig voorkom,[5] geld ook in menige Wes-Germaanse sage as 'n geluksvoël.[6]

In Suid-Afrika word vyf soorte ooievaars aangetref,[7] w.o. die wit-ooievaar, wat by ons die groot-sprinkaanvoël heet, die swart-ooievaar, die Maraboe-ooievaar. Afgesien van sy aanwesigheid op die bodem, het die volk egter nie hierdie voël in sy dierkunde opgeneem nie.

'n Eie-Afrikaanse bestanddeel is die hottentotsgod.[8] Volgens die Boesmans is die uil en die hamerkop albei die dogters van die hottentotsgod.[9] 'n Afrikaanse volksdierkundige opvatting skryf profetiese gawes aan die Hottentotsgod (mantis) toe.[10] Scholtz meld dat as die hottentotsgod op 'n mens sit, die geluk hom sal tref; dit is ook derhalwe ongelukkig om hom dood te maak; gee 'n mens hom konfyt, wys hy waar sy woning is.[11]

Al maak die hottentotsgod geen geluid waarmee hy die volk se guns wen nie, doen hy dit tog deur sy voorkoms. Daar word vertel dat díe diertjie die vorm is waarin die Boesmans se afgod, K a a n g op aarde verskyn. 'n ander naam vir die mantis is b i d s p r i n k a a n.

---

1) Vgl. Coetzee, „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 134 - 135.
2) Boshoff, p. 110 en Schonken, p. 104.
3) Cock, de Alfons, „Volkssage, Volksgeloof en Volksgebruik", 1918, p. 201.
4) Rasch, p. 7.
5) Coetzee, „Die Afrikaanse Volksgeloof".
6) De Cock, p. 201.
7) Van Rooyen en Heese, p. 44.
8) Coetzee, p. 140.
9) Ibid., p. 137.
10) Boshoff, p. 110.
11) Scholtz, p. 140.

Oor die algemeen neem hy 'n profetiese rol in die volksverbeelding.

Die eiers (tigno) kan in die Afrikaanse Volksgeneeskunde winterhande genees: „dit word in twee gesnij, uitgedruk en die pijnlike plekke met die uitvloeiende vog ingevrijwe".[1] Ook is dit 'n middel teen tandpyn: „'n mens hoef dit maar bij jou te dra om teen tandpijn beveilig te wees."[1] Dit moet by 'n „gunstige" (vol?)maan gesoek word en in 'n sakdoek of die voering van 'n rok toegedraai word.

Verder is van belang die volgende mededeling: „Dis ons bekend dat, in Suid-Afrika, kinders aan die Hottentotsgod vra ‚hoe hoog is die water?' Dan wijs hij die hoogte deur sijn pootje op te lig."[1]

In sulke gevalle stem ons saam met dr. Coetzee: „Wat die herkoms van hierdie nuwe bestanddele betref, sal dus slegs die volkskunde-geografie 'n afdoende antwoord kan bring; dit is dus die taak van 'n toekomstige ondersoek."[2]

Onder die ongeluksdiere val die haas. 'n Haas wat naamlik dwars oor die pad hardloop, bring ongeluk aan diegene wat dit sien.[3] Verder is die skilpad 'n onheilspellende dier; ook die motby, akkedis, skurwepadda. 'n Swart spinnekop wat van die dak afhang, voorspel ook ongeluk.[4] Demoondiere oor die algemeen is die slang, draak, baselisk, bok, kat, vark - die duiwel besit bv. bokpote, horings en 'n kort varkstertjie.[5] Ongeluksvoëls is poue, nagsperwels, tarentale, muisdraers,[6] uile, hamerkoppe en kraaie.[7]

Daar word 'n profetiese waarde geheg aan die nagtelike getjank van 'n hond. Dit word beweer dat honde vooruit tjank, want hulle „weet" iemand gaan sterf.

Die swart kleur van ongeluksdiere is sinnebeeldig van die nag en spruit uit die mens se mistieke vrees vir die onbekende. Hierdie bloot menslik-psigiese aard van die volksmens word in alle primitiewe gemeenskapsgoed aangetref.

In die Afrikaanse Volksdierkunde word 'n besondere geloof geheg aan die aard van die ystervark, wat 'n nuwe vorming in die Afrikaanse

---

1) „Die Brandwag", 1 Junie 1912, deel III, nr. 1.
2) „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 141.
3) Schonken, p. 104.
4) Ibid.
5) Boshoff, p. 121.
6) Coetzee, p. 139.
7) Ibid., p. 135.

volksgeloof is. Die populêre geloof i.v.m. die erdvark is dat hy sy lang klewerige tong in 'n rysmiernes insteek nadat hy 'n tonneltjie daarin gemaak het, en dat die miere dan daarop klim. Hy trek vervolgens sy tong in en eet sodoende die miere. Beide die erdvark en die ystervark is diere wat meestal gedurende die nag jag. Geen wonder dus dat hulle albei in die volksdierkunde 'n rol vervul nie. Selfs Jan van Riebeeck het alreeds geglo dat die ystervark, terwyl hy van sy vyand vlug, penne na agter kan uitskiet as selfbeskerming. Hy het eenkeer 'n leeu gesien wat sulke penne in sy lyf gehad het. 'n Paar lede van sy nedersetting het 'n ystervark gevang wat in hulle teenwoordigheid sy penne uitgeskiet het en die hond wat hom gejag het, op verskeie plekke om die mond getref. Die man wat eindelik die ystervark doodgemaak het, was bang om van die penne in die been te kry, dus het hy voor die dier gaan staan en hom met die kolf van sy geweer teen die kop doodgeslaan.[1] Op 'n ander keer vertel Van Riebeeck dat 'n leeu deur 'n ystervark doodgesteek is.[2]

Buite die volksdierkunde om word daar algemeen aangeneem dat dit onmoontlik vir die ystervark is om sy penne uit te skiet.[3] As 'n vyand egter naby hom kom, druk hy die penne in sy vlees. Die opvatting wat aan die uitskiet van die dier se penne geheg word, is dus 'n baie ou skepping, wat soos die meeste tradisionele oorlewerings in die volkskunde hardkoppig voortleef.

Vir die primitiewe mens is die natuur besielend. Dit is animisties van aard. Die gees van die mens kan van sy liggaam onderskei word en 'n nuwe tuiste vind in diere en plante. Alles in die natuur beliggaam afgestorwe menslike wesens. Die mens se siel kan verplant word volgens hierdie beskouing. Hierop stêl dan ook ~~die meeste~~ baie dinge van die volksgeloof. Die primitiewe mens bevolk sy omgewing met geeste. Daarom varieer die volksgeloof na gelang van volksaard en bodemgesteldheid. Die omgewing vorm die mens wat daarin leef, se bewussyn, en gevolglik sy aard en verder die aard van die hele groep wat die bepaalde bodem bevolk. So het baie Europese dinge verstar in Suid-Afrika.

Skepsis is dodelik vir enige bygeloof. Waar Europese verskynsels dus nie oorgeërf is nie, moet dit in hierdie lig gesien word. Waar skepsis sulke oorlewerings gedood het, kan die nugterheid en ou-romantiese aard van die volksmens as verklarend beskou word. Selfs kan vervorming en verhaspeling van ouer vorms in hierdie lig verklaar word.

Om tot ons volksdierkunde egter terug te keer, word daar aangeneem dat die haan 'n geheim kan verklap, bv. „Daar sal geen haan na kraai nie", of in dieselfde animistiese verband staan „Ek het 'n voëltjie hoor fluit". As die haan voor die voordeur kraai, kom witmense

---

1) Daghverhaal, II, p. 80.

2) Ibid., p. 84.

3) Van Rooyen en Heese, p. 152.

kuier, en as hy by die agterdeur kraai, sal kleurlinge of kaffers die plaas besoek.[1] As die haan by ons ontydig kraai in die nag, sal dit die volgende dag reent, of besoekers sal aankom.[2] Die haan het behoort tot die bou-offers onder die Germane, vandaar sy aanwesigheid op dakke en geboue. Hy was ook die simbool van waaksaamheid. Van die heidense tempel het hy verhuis na die Christelike kerk. Op die Lutherse kerke is die swaan 'n simbool van Luther se hoë siele-eer.[3]

Schrijnen beskou sprokiesverklarings as 'n onderdeel van volksdierkunde in die volkswetenskap.[4] Hy gee die volgende voorbeeld na aanleiding van die vraag waarom die uil alleen snags vlieg: Eenkeer het al die voëls 'n vergadering gehou om 'n koning te kies. Hulle besluit toe dat die een wat die hoogste kan vlieg, die koning sal wees. Toe begin die wedstryd. Die ooievaar het die kraai en die koekoek ver oortref. Die winterkoninkie was egter te slim vir hom. Hy het onder die ooievaar se vlerke geskuil. Toe die ooievaar nie meer hoër kon nie, vlieg die winterkoninkie uit en oortref sodoende al die voëls. Hulle was natuurlik kwaad hieroor. Die voëltjie moes gedug gestraf word. Uit vrees vlug hy in 'n molshoop in. Gevolglik besluit die voëls om vir uil as wagter aan te stel, o m d a t h y i n d i e n a g k a n s i e n . Uil waak toe tot die volgende oggend. Die vaak oorval hom egter, en die winterkoninkie vlug. Sindsdien bespot die voëls die uil. As hy bedags gesien word, word hy deur hulle uitgeskel. Daarom vlieg hy alleen in die nag rond.

Sulke sprokies is eie aan die volke van die meeste lande. Die verhaal van die uil word na bodem en volksaard gewysig. By ons speel die tintinkie 'n rol soos die van die Nederlandse „winterkoninkje".

Behalwe in kinderboeke is weinig sulke dieresprokies in Afrikaans opgeteken. Dit is dus moeilik om te bepaal watter eieskeppinge is en welke nie. Afgesien van Von Wielligh se D i e r e s t o r i e s , wat volgens hom van inboorling-afkoms is, is daar weinig bewuste pogings in hierdie rigting aangewend. Waar verspreide dieresprokies in Afrikaans wel voorkom, is die mengelelemente daarin só opsigtelik dat dit moeilik is om die rasegte Afrikaanse basis te erken. Hierdie is nog 'n veld wat deur volkskunde-geografie met 'n groter mate van deeglikheid ondersoek kan word.

By 'n ontleding van die uilsprokie, kom ons nog by 'n aantal eienskaplike trekke daarin, wat vir die meeste sprokies kan geld. Opmerklik word menslike eienskappe aan diere toegeskryf. Hulle „besluit"

---

1) Schonken, p. 104.
2) Scholtz, p. 135.
3) Vgl. ook Rasch, p. 85.
4) Schrijnen, II, p. 345.

byvoorbeeld om 'n „vergadering" te hou en om 'n koning te „kies". Hulle was „kwaad" oor die klein voël se skelmagtigheid, wat 'n beeld vorm van die volk se sedelike opvattings. Verder moes die voëltjie „gestraf" word. Gelede onreg moet volgens die volk se etiese norms gestraf word. Die volk se ervaring lê ten grondslag van die hele sprokie. Dit is 'n algemeen-bekende feit dat die uil slegs gedurende die nag vlieg omdat hy nie gedurende die dag kan sien nie.

Op die ou ent „verklaar" die sprokie nog nie waarom die uil alleen snags vlieg nie. Dit gee slegs 'n r e d e en nie 'n v e r k l a r i n g aan nie. Daar word alreeds in die sprokie aangeneem dat die uil alleen in die nag vlieg.

'n Beeld van die volk se eie maatskaplike lewe en norms word weerspieël in die dieresprokie. Die uil word bespot om sy nalatigheid, sy laksheid. Hy moet soos 'n onvermydelike nemesis sy straf ontvang. Hy mag nie normaal in die daglig lewe soos die ander diere nie.

Die inslag van eeue se tradisies en filosofiese beskouings is duidelik in die dieresprokie. Dit is 'n troue beeld van die beskouingsgeskiedenis op die gebied van die menslike kultuur deur al die eeue heen. By die volksmens vervang die verbeelding natuurlike oorsaak en gevolg liefs met digterlike mitologie.

In G. R. von Wielligh se versameling dierestories tref ons 'n aantal sprokiesverklarings aan.[1] Hierin kom voor verklarings van: a) waarom vlermuis in die nag vlieg, b) kat vir sistertjies aan sy stert bang is, c) muis so baie vyande het, d) katte snags raas, verder e) waarom die eend en gans op hulle koppe in die water staan, f) waterskilpad af en toe sy kop bo die water steek, g) waarom waterskilpad klein gansies en eendjies vang.

Dadelik word ons deur die eienskap van intieme kennis i.v.m. die aard en gewoontes van die betrokke diere. Von Wielligh wys egter daarop dat sommige stories van inboorling-afkoms is, terwyl ander weer deur blankes vertel word.[2] Ongetwyfeld het die meeste 'n eie Afrikaanse kleur. Die rol van b o e r in die meeste stories is groot - groter as in dié van erfgoed op dié gebied. Verder meld Von Wielligh ook, en dit is veral van belang in die lig van ons volkswetenskap, sommige: „het tot doel om sekere eienaardighede voorkomende in sekere diere op 'n luimige en toepaslike wyse te verklaar ..."[3] Ook hou die Afrikaanse sprokiesverklaring 'n beeld in van die sedelike en morele norms van die skeppers. In verhaal nr. 39, in deel IV word die muis se voorliefde vir skinderpraatjies aangewend om te verklaar waarom hierdie diertjie so'n besondere groot aantal vyande het. Vuurvliegie moet

---

1) Von Wielligh, deel IV, p. 61 - 65; deel III, p. 52 -58.

2) Ibid., deel IV, p. 3 - 5 .

3) t.a.p., p. 4.

slegs snags rondvlie: „omdat hy Bykoning se lanterns gesteel het ..."

In 'n enger sin is sprokiesverklarings 'n volkswetenskaplike verskynsel. Dit dui 'n peil van verstandsvermoë aan waarby die volksmens probeer om sekere kenmerke en eienaardighede van die diere te verklaar.[1]

Kultuurwording word aangetref ook op die gebied van die diere-sprokie. Die verhouding tussen mens en dier het in die loop van die eeue verander en ontwikkel. Van vrees en verering het die mens oorgegaan tot didaktiek, verklaring van lewensverskynsels en selfs tot spot deur verwysing na die dierelewe.[2] Daarby het hierdie aspek van die volkskunde ook die letterkunde bevrug, soos deur drs. P. J. en G. S. Nienaber aangetoon word in hulle studie van die Afrikaanse dierverhaal.

Ons haal 'n Afrikaanse sprokiesverklaring aan wat as volg in O n s K l y n t j i opgeteken is:[3] „'n Skilpad loop eendag langs die Oranjerivier toe hy aan die oorkant lekker groen gras sien. Hy het nie egter geweet, hoe hy sal daar kom nie. Toe hy so 'n rukkie so geloop het en planne maak het, kom daar twee kraaie by hom. Hulle vra hom waarom hy so diep in gedagte loop, en hy antwoord, dat hy planne maak om deur die rivier te gaan om die lekker groen gras te eet, maar hy weet nie hoe om daar te kom nie. Die kraaie was net baie gedienstig vir oom Skilpad. Hulle sê vir hom hulle sal elkeen weerskante aan 'n stok hou; dan moet hy in die middel van die stok vasbyt en hulle sal met hom oor die rivier vlieg. Hy moes egter onder geen omstandighede sy bek oopmaak om te praat as die visse miskien vir hom lag of spot nie. Dit was goed en hulle maak ook so. Die twee kraaie vat elkeen weerskante aan die stok, en ook Skilpad byt met alle erns in die middel daarvan vas. Maar net toe die kraaie regoor die water vlieg met oom Skilpad, skree 'n vis uit die water: „Hoera! Oom Skilpad vlieg ook vandag!" Maar kyk, oom Skilpad word baie kwaad en wou skree:, Dit traak julle mos nie', dog net met die eerste woorde wat hy sê, glip sy bek los van die stok en hy val dat hy so klap in die water. Van daardie dag af is daar skilpaaie in die water."

Nog 'n voorbeeld van 'n Afrikaanse sprokiesverklaring word aangetref in: „Waarom Bobbejaan syn stert skeefstaan", wat deur G. R. Von Wielligh in O n s K l y n t j i van 1904 opgeteken is.[4]

---

1) Nienaber, P. J. en G. S., „Die Afrikaanse Dierverhaal", p. 8.

2) Ibid., p. 13.

3) Januarie 1897. „Hoe die skilpaaie in die water gekom het" deur J. P. van der Walt; ook Nienaber, p. 46 - 47.

4) Vgl. Rautenbach en Hattingh, p. 113 - 115.

Ten slotte bestaan daar in die Afrikaanse Volksdierkunde 'n aantal verskynsels wat muut is, en as sodanig 'n aparte veld beslaan in die Afrikaanse Volksdierkunde. Die meeste gevalle stoel duidelik op die volksgeloof.

In die Noord-Kaapprovinsie, die Vrystaat en Transvaal word algemeen aangeneem dat die kraanvoël merk as daar onweer in die lug is. Die voël begin dan skreeu en spring, en ook: „dit word vertel dat, al word hierdie voëls so mak, hulle tog nie van kinders hou nie."[1]

Daar word vertel dat die gompou die gom van doringboomstamme eet. Uit hulle name het 'n groot mate dierelore ontstaan. So word die naam m a h e m afgelei van die keelgeluid wat deur hierdie voël gemaak word. Die mening word gehuldig dat die bleshoender se vleis oneetbaar is, aangesien dit na modder ruik.

Die hamerkop heet ook p a d d a v a n g e r . Eersgenoemde naam is afgelei van die groot kuif op die dier se kop. Daar word vertel dat as drie van hierdie voëls by mekaar kom, dan dans hulle in die rondte. Hierdie opvatting is miskien ironies gehuldig na aanleiding van die voël se stil, stemmige, gedrag.[2] Van die hamerkop as bestanddeel van die Afrikaanse Volksgeloof skryf dr. Coetzee as volg:[3] „In die Afrikaanse volksgeloof het ons die volgende bestanddele: as jy 'n hamerkop doodmaak of sy nes breek, sal die weer jou doodslaan (Trompsburg, Benoni, Jansenville); die noue verband met die water bring mee dat die hamerkop ook reent voorspel (Grikwastad, Wayenthin, Heidelberg Tvl., Higgshope, Joubertina, Dullstroom)."

Van die h a r i d a s word vertel dat dit die volgende geluid maak: ha : ha : ha : dâhah.[4]

Oor die skoorsteenveër skryf Van Rooyen en Heese as volg: „Die ou Egiptenare het hierdie voël beskou as een van die heiligste van al die voëls. Dit is beskou as die verteenwoordiger van T e h u t i , die god van die maan. In ou Egiptiese grafkelders word nog baie gebalsemde skoorsteenveërs gevind."[5] Eienaardig is die naamgewing hier. Die voël is wit. 'n Skoorsteenveër, sou 'n mens sê, is swart. Dit skyn asof die basis hier die verskynsel van antitese in die taal is.

Die bromvoël kom voor in die Oos-Kaapprovinsie, Natal, Zoeloeland en die Transvaalse Laeveld. Onder andere is sy kos slange. Hy het sy naam te danke aan 'n erg vervelige bromgeluid. Uit die aard van die

---

1) Van Rooyen en Heese, p. 7 - 9.
2) Ibid., p. 52.
3) Coetzee, p. 138.
4) Van Rooyen, p. 54.
5) Ibid., p. 55.

voël se voedsel het hy 'n onaangename ruik. Naturelle glo dat dit rivierwater bederf, en „om die water dan weer rein te kry, sal die god wat reën verskaf baie reën laat val om die besmette rivier skoon uit te spoel."[1]

Jagters het geen liefde vir die kwêvoël nie, want hy waarsku wild deur ente voor die jagter uit te vlieg en sy skor, skerp skreegeluid te uit.[2]

Die renostervoël word gewoonlik naby renosters aangetref omdat hy 'n voorliefde het vir hulle bosluise. Dit word ook gesê dat hy hierdie dier teen gevaar waarsku.[3]

Die geloof dat as 'n mens sout op 'n kwikstertjie gooi, jy hom kan vang, is 'n eie Afrikaanse skepping.

Ons stormvoël is die Engelse p e t r e l. Dit word met storms op see geassosieer, want gedurende 'n storm skeer hy laag en vinnig oor die water. Hiervan word die Engelse naam afgelei in samehang met die apostel Petrus wat ook eenkeer oor die water geloop het.

In die naam spekvreter skuil ook 'n hoeveelheid Afrikaanse dierlore. Dit was in die verlede die gewoonte om wa-aste met spek te smeer voordat ghries in gebruik gekom het. Hierdie voëltjies het so mak geword, dat hulle soms spek, wat so aangesmeer was, kom afpik het.

Algemeen bekend is die gebruik in verband met tandewisseling by kinders. Die kind moet sy gewisselde tand in die aand voor hy gaan slaap in sy skoen sit. Gedurende die nag sal 'n muis kom en die tand verruil vir driepennies. Dit kon ontstaan het uit die Nederlandse geloof dat as iemand van 'n muis droom, hy 'n geluk sal ondervind.[4]

By ons word die swaeltjie as 'n simpatieke figuur in die dierewêreld beskou.[5] Dit kondig die koms van die groente-saaityd aan; as die swaeltjie vroeg terugkeer, sal dit 'n vrugbare jaar wees; waar 'n swaeltjie in 'n huis kom nesmaak, bring dit geluk mee; as dit in die huis vlieg, is dit 'n teken van geluk; dit is baie ongelukkig om 'n swaeltjie dood te maak. Dit verbaas ons nie dat die swaeltjie 'n gelukbringer in die Afrikaanse Volksdierkunde is nie, want in Nederland geld dit insgelyks.[6] Swaels op 'n woning bring geluk in die Nederlandse volksgeloof; swaelneste in die stal bevorder die gesondheid van die vee; ook beskerm dit huise en stalle teen die bliksem.

---

1) Van Rooyen, p. 60 - 61.
2) Ibid., p. 71.
3) Ibid., p. 85.
4) Rasch, p. 6.
5) Coetzee, „Volksgeloof", p. 127, p. 138, p. 139.
6) Rasch, p. 89.

Een van die eie-Afrikaanse verskynsels in die dierkunde skryf die vermoë aan die perd toe om geeste sien.[1] In die Germaanse mitologie is dit die dier van Wodan. As 'n mens self tussen die dier se ore deurkyk, kan jy ook die spook sien. Perde is ook geluksbringers. As 'n mens 'n wit perd sien, moet jy 'n kruisie op die sool van jou skoen maak en iets wens; as jy dan altesaam sewe wit perde op dieselfde dag sien, sal jou wens bewaarheid word; iemand wat 'n gevlekte perd sien, mag wens; as 'n nooi 'n wit of 'n bont perd sien, moet sy tot honderd tel, en die eerste jonkman wat sy dan sien, is haar deel. Daar is ander voorbeelde van hierdie dier in die Afrikaanse volksgeloof: 'n perd se hoefysters weer spoke af; 'n perdetand word te Prieska om die nek gedra as afweermiddel van tandpyn; as die koppbene van dooie perde op plekke begrawe word waar baie molle is, sal hulle verdwyn; 'n perdeskedel in die stal beskerm die diere daarin teen die nagmerrie; 'n natgeswete perd trek swaar weer (Johannesburg, Kakamas).

Vertroudheid met die perd het 'n aantal idiome in die taal ingevoer:

'n Verkeerde perd oplim;

liewer 'n maer perd as net 'n riem;

die perd (esel) kan lees en skrywe;

jy kan 'n perd na die water bring, maar nie dwing om te drink nie;

die kar voor die perde span;

gou op sy perdjie wees;

'n perd van 'n ander kleur;

perdgerus;

die vierperdewa uitspan;

hy laat sy perd teen die stang loop;

hy lieg soos tien perde skop.

Die opvatting dat 'n molvelbeurs nooit leeg word nie, kom voor in die Afrikaanse volksdierkunde.[2] Dit is 'n reste van die ouer vrugbaarheidsbegrip wat aan hierdie dier geheg word in die Nederlandse volksgeloof.

As die kat hom was, gaan kuiergaste kom; as 'n mens 'n swart kat, wat oor die pad loop, sien, sal hy 'n geluk ondervind. 'n Wit

---

1) Coetzee, „Volksgeloof", p. 128.

2) Ibid., p. 132.

kat is simbolies van ongeluk (Avontuur); as 'n kat op 'n mens se skouer nies, is dit heilsaam; 'n kat het sewe og nege lewens; diegene wat 'n kat doodmaak, sal sewe of nege jaar ongelukkig wees. In die volksgeneeskunde word geloof geheg aan die geneeskrag van katte: „Deur 'n seerkeel of oor 'n karkatjie (L.w. op naam - simpatie) in die oog, moet die lyer sewe maal vee met die punt van 'n kat se stert (Nylstroom, Lichtenburg)."[1] Verder word algemeen aangeneem dat kathare tering veroorsaak, en dat 'n kat wat slaap, se asem uitsuig.[1]

Profeties is die funksie van die kraai. Een stel geluk voor; twee, voorspoed; drie, huwelik; vier, geboorte. Drie kraaie beteken 'n nooi, vier 'n kêrel. Ook as 'n mens op reis is om te gaan kuier, moet jy omdraai as jy een enkele kraai sien, want dan beteken dit dat die gasheer nie tuis sal wees nie.

As die duisendpoot 'n mens byt, lag of hik jy jou dood.[2]

As 'n hamerkop deur iemand doodgemaak word, sal daardie persoon deur die weerlig getref word.

By diep watergate kan mens maklik ingesleep en verslind word deur die diamantslang.

Daar word geglo dat die dassieslang die kop en voorlyf van 'n dassie het met 'n slanglyf wat baie lank is.

As 'n slang middeldeur gesteek word met 'n graaf, en die een helfte weggedra word, kom die ander deel terug om by die vermiste helfte te sterf (Bethlehem).

Die motby is 'n besondere figuur. Sy gif is dodelik. Hy hou in heuningneste en maak 'n dreungeluid as hy vlieg. Hy het 'n kopbeen-figuur op sy rug, en hy steek ook liefs 'n mens op die kop.

Nog 'n nuwe figuur in die Afrikaanse Volksdierkunde is die sg. w a a r s ê - p a p i e . Dit is 'n bruin papie, omtrent een duim lank. Dit word in die hand gehou, en daarby sê 'n mens: „Papie, papie, waar's die see?" Dan antwoord hy deur sy kop in die rondte te draai, wat beteken dat die see rondom ons lê. Vra mens: „Papie, papie, waar's jou ma?" , dan swik sy kop net na die een kant toe.[3]

Die Afrikaanse opvattings in verband met die slang is o.a.: hy hou van melk, en suip koeie uit; die vervelsel van 'n slang kan met sukses teen liddoring aangewend word; slange eet stof en paddas; as 'n mens 'n slang middeldeur sny, groei die liggaam weer aan; as 'n mens aan 'n slang vat, is jy sewe jaar onrein: as 'n mens 'n slang

---

1) Coetzee, „Volksgeloof", p. 132.

2) Coetzee, p. 131.

3) Ibid., p. 133.

doodmaak, word jou sondes jou vergewe by die duiwel (Nylstroom).[1]

Ten slotte geld die volgende woorde as toepaslik op die Afrikaanse Volksdierkunde: „Samevattend kan ons sê dat die betekenis wat aan diere, voëls en insekte toegeskryf word in die Afrikaanse volksgeloof, erfgoed is uit ons Germaanse stamland." Daarnaas word natuurlik ook nuwe bestanddele aangetref, en: „wat hierdie nuwe bestanddele in ons volksgeloof betref, bestanddele wat nie in die stamlande bekend is nie, is dit moontlik om aan ontlening by die inboorlinge te dink; maar dit is tog ook moontlik om aan 'n eie uitbreiding te dink op grond van die materiaal en „tendensies" of neigings wat meegebring is uit die stamland."[1]

---

1) Coetzee, „Volksgeloof", p. 140.

H O O F S T U K V I .

A F R I K A A N S E V O L K S P L A N T K U N D E .

Van oudsher af het die mens in aanraking met die plantegroei van sy bodem gekom. In die lewe van die volksmens speel die flora van sy omgewing 'n aansienlike rol. Omdat plante in die volksmens se bewussyn 'n plek het, gee dit noodwendig aanleiding tot verklaring. Die volksmens interpreteer die indruk wat sy omgewing op hom maak, asook die verskynsels in die plantewêreld. Natuurlik sal sy animistiese aard die grondslag vorm van hierdie beskouings. Sodra ons natuurverklaring op die gebied van die plantegroei kry deur die volksmens, kan ons van volksplantkunde praat.

In die Afrikaanse volksplantkunde kan ons die Christelike invloed, vermeng met algemeen-Germaanse oorleweringe, en in besonder Nederlandse, Duitse, Franse en Engelse, daarin verwag. Dit is die vernaamste bronne van oorgeërfde verskynsels wat die Afrikaanse Volksplantkunde sal kenmerk. Daarnaas, natuurlik, as gevolg van die kontak gedurende 'n paar eeue van die nedersetters, koloniste en boere met die Afrikaanse bodem, sal ons verwag om 'n aantal verskynsels in ons volksplantkunde aan te tref, wat as tipies Afrikaans bestempel kan word. Gevolglik sal dit dan by uitstek laasgenoemde verskynsels wees wat die meeste aandag sal verg om daarvolgens die kern van die Afrikaanse volksmens se lewensbeskouing te ontleed.

Vanaf die vroegste tye in die bestaan van die mens is hy afhanklik gewees van plante en diere vir sy kos, skuiling, klere. In sy soektog om eetbare plante te kry, moes hy noodwendig kennis maak met die eetbaarheid of die giftige aard en die geneeskragtige aard van die flora van sy omgewing. Uit sulke ervaring word kennis gebore, totdat ons op die stadium van die volksmens in die beskawingsgeskiedenis van 'n volk kan praat van daardie volk se plantkunde. Dit skyn dus dat behoefte en die drang tot selfbehoud die twee grootste sielkundige dryfvere in die skepping van volksplantkunde in die algemeen is.

Die aantreklikheid en die alomteenwoordigheid van plante het vroeg die menslike sin vir ondersoek gaande gemaak en plantkunde geskep. In die meeste geskrifte van die oudheid word vertel van die blomme van die veld, en daar word beweer dat Salomo 'n boek oor plantkunde geskryf het. Waarskynlik is die eerste gesistematiseerde ondersoek op hierdie gebied gedoen deur A r i s t o t e l e s en sy volgeling Theophrastus 350 jaar voor die Christelikheid ontstaan het. Heel vroeg het geneeskundiges, w.o. Hippokrates, die geneeskragtige

eienskappe van plante ondersoek. Flora was die Romeinse godin van blomme en van die lente. Haar tempel in Rome was naby die c i r c u s M a x i m u s , en haar fees was van 28 April tot 1 Mei. Sy is later vereenselwig met die Griekse godin K l o r i s . Die woord p l a n t self het baie ou vorms: die Griekse naam is „platys" wat „breed" beteken; hierbenewens is die Latynse vorm „planta", wat < „plat" deur nasalisering en wat ook met die begrip „uitgesprei", „plat", verbind word.

Ons het alreeds die plantenaamgewing en die aanwending van plantdele in die geneeskunde in die vorige hoofstukke behandel. Daarmee is 'n groot gedeelte van die Afrikaanse Plantkunde dan ook uitgeput. Ongelukkig is daar in Suid-Afrika, net soos in Nederland, volgens J. Rasch, heel weinig aan hierdie aspek van die volkswetenskap gedoen.[1]

In die volksplantkunde bestaan die studieveld hoofsaaklik in naamgewing, geneeskundige gebruik, vegetasie-geeste, die magiese gebruik van plante, plantsages en blomsimboliek.[2] Dit is dus veral in die volksgeloof waar daar gesoek moet word na reste en vorms van die volksplantkunde.

In die Afrikaanse Volksgeloof bestaan 'n plantkundige opvatting in:[3] „Die was en afneem van die maan het ook 'n belangrike uitwerking op die verskillende bedrywighede van die mens, veral op die doen en late van die gebondene aan die aande - die boer. Dit is trouens die geval in die hele Germaanse wêreld. In Suid-Afrika word die stand van die maan oor die algemeen in ag geneem by p l a n t , saai en slag. Die algemene reël is: plant of saai met afnemende maan alle knolgewasse en plante wat onder die grond dra, dan sal die wortels ook diep afgaan; plant met wassende maan alles wat bo-op die grond dra."

In die Nederlandse Volksgeloof bestaan daar die volgende opvatting in verband met die m a r i a d i s t e l :[4] Die witgevlekte blare van die plant het ontstaan deurdat 'n druppel melk daarop geval het toe Maria haar Kind die bors gegee het in hulle vlug na Egipte.

Soortgelyke plantverklarings bestaan in die plantkunde van die meeste volke. Daar word by ons vertel dat die passieblom die Heiland se bloed by die kruis opgevang het. Die vorm van die blom bevat verder simbolies die v y f b r o d e , t w e e v i s s e en t w a a l f m a n d j i e s wat in verband staan met die eerste en tweede vermeerdering van die brode deur Christus.[5]

---

1) Vgl. Rasch, „Ons Volk", p. 99.
2) Rasch, p. 101.
3) Coetzee, p. 160.
4) Schrijnen, p. 349.
5) Vgl. Matteus 14:14-21; 15:29-39; Johannes 6:1-5.

Die Engelse p a s s i o n f l o w e r (passiflora) neem 'n ander vorm aan in die Engelse volksgeloof. Daar bestaan hierin 'n ooreenkoms tussen die blom en die doringkroon, die simbool van Christus se passie of lyding. Die blom word aangetref op „granadilla"-liane.[1]

In Nederland bestaan 'n sage in verband met die biesieplant.[2] Biesietoppe is bruin en verdroog omdat die plant vervloek is. Eenkeer is Maria en Josef in hulle vlug uit Egipte deur soldate agtervolg. Hulle het skuiling geneem in 'n biesiestruik, wat onbeskaamd genoeg was om die Kind in die oog te steek. Hy het van pyn gegil, maar gelukkig het die soldate hom nie gehoor nie. Van daardie dag af is die biesietop verdroog.

Enersyds stel hierdie sage vertroudheid met die aard van die biesie voor en andersyds dra dit Christelike spore. Dit is tewens volgens Schrijnen dan ook die vernaamste elemente in die meeste Nederlandse plantsages. Wat ons literatuurbronne betref, is dit slegs in kinderboeke dat plantsages voorkom.[3] Oor die algemeen skyn dit asof hierdie aspek van die volksplantkunde by ons verdwyn het.

Die demoniese opvatting in verband met die nastergalplant het by ons verbleek. In Boheme word bv. nog geglo dat die n a g s k a d e (atropa belladonna) perde sterk maak, ook dat dit 'n duiwelsgewas is wat slegs om twaalfuur snags uitgegrawe kan word, want die duiwel hou wag daarby, en 'n mens kan dit slegs pluk as jy hom 'n swart hen aanbied.[4] By ons word hierdie plant nog in die volksgeneeskunde aangetref (vgl. Hoofstuk II). Die begrippe n a g en s w a r t wat op 'n ouer herkoms dui het verbleek, soos deur die etimologiese vervorming van nagskade ➤ nastergal aangetoon word.

In die Afrikaanse Volksplantkunde word waarde geheg aan die ertjie. 'n Groen ertjiepeul wat nege korrels het, word bokant die deur gehang, want dit bring geluk oor die wat daaronder deur loop. As 'n meisie so 'n ertjiepeul ophang, sal sy haar toekomstige deel sien in die eerste jong man wat by die deur inkom.[5]

Iemand wat in die veld 'n klawer met vier in plaas van drie blaartjies sien, is by magte om die toekoms te voorspel.[5]

'n Aantal plante word met die duiwelsfiguur vereenselwig, soos

---

1) Vgl. Annandale, deel X; ook Schrijnen, p. 374.

2) Schrijnen, p. 350.

3) Vgl. „Die Jaarboek van Ons Kleintjies", Van Schaik, Pretoria; „Waarom die Bloekomboom regop groei", p. 20 - 24.

4) De Cock, p. 201.

5) „Die Huisgenoot", 24/6/27, p. 57; „Aangename Bygelofies", deur mev. G. F. Steyn.

duiwelsbrood, duiwelskos, duiwelskruid. In sommige woon hy, of in sommige verander hy, sommige gebruik hy as toormiddel, sommige plante word na een of ander liggaamsdeel van die duiwel vernoem, ander is deur hom geskep, party is deur hulle assosiasie met hom vervloek. Hy woon in sommige bome, en veral in onkruid - paddastoele word in die Nederlandse volksgeloof as giftig beskou deur die duiwel se toedoen.[1] Die Nederlandse d u i v e l s w o r t e l kom ooreen met die E n g e l s e d e v i l ' s r o o t , begrippe wat sedertdien (die middeleeue) in die meeste tale ingevoer is.[2] Ons dubbeltjiesdoring kan teruggevoer word op d u i w e l t j i e s , 'n assosiasie wat ontstaan het deurdat dit soos vuur die voete brand.

Daar is ook plante wat die liste van die duiwel teëwerk. Hierdie opvatting word aangetref op elke bodem in 'n bepaalde vorm en het uit die middeleeuse godsdienstige opvattinge ontstaan. Die duiwel veroorsaak siekte, en daarvoor word sommige plante aangewend, in Nederland o.a. rook-, was-, bad- of teekruie.[3] Geneeskruie word ook teen wurms en slange aangewend, omdat hulle diaboliese diere is. Om die duiwel uit stalle te verdryf, word dit met alsem bewierook in Nederland.[4] In Rusland verjaag die vlier die duiwel. Dit is duidelik dat ons geloof aan demonologie in verband met plante nie so uitgebreid is as in die stamlande nie.

'n Algemeen-Europese verskynsel is die aanwending van plante teen swaar weer. Sulke plante word aangebring op die dakke van huise en stalle. Die d o n d e r b l a d word op huisdakke in Nederland gekweek om die demone in die weer te verjaag. Die d o n d e r d - b a a r d , 'n plant aan die Germaanse god Donar gewy, word op dakke aangebring as beveiliging teen bliksem.[5]

Die madeliefie het 'n lang bestaansgeskiedenis. M a d e beteken w e i g r o n d > m a a g d e . So het madeliefie vervorm tot die begrip maagdeliefde.[6]

'n Motief in die volksplantkunde is die opvatting dat plante een of ander verwantskap het met die lewe en dood van mens en dier. So tref ons in Engeland 'n opvatting aan dat as daar baie neute is, daar ook baie kinders gebore sal word.[7] ~~as~~ word daar by die geboorte

---

1) Vgl. Teirlinck, I., „Flora Diabolica", p. 38.
2) Ibid., p. 105.
3) Ibid., p. 219.
4) t. a. p., p. 232.
5) Vgl. Rasch, p. 101.
6) t. a. p., p. 101.
7) Burne, C. S., „The Handbook of Folklore", 1914, p. 36.

van 'n kind 'n boom geplant wat saam met hom groei.[1]

'n Ou Europese geloof huldig die opvatting dat die mens van 'n boom afkomstig is. 'n Skandinawiese mite in die E l d e r E d d a verhaal dat drie gode 'n iep- en esseboom op die strand gekry het en hulle in mense verander het.[2] Animisties word daar dus 'n siel aan die boom toegeskryf. 'n Reste hiervan is die gebruik in Lichtenburg „om langs die stamme van onvrugbare perebome strooivure te maak sodat die vlamme en rook in die takke opslaan, - 'n verdrywing van die bose gees wat die onvrugbaarheid bewerkstellig."[3]

Plantkundig huldig die volk ook boom-huwelike, boom-begrafnisse, die waterstok, die towerstok, meipaal, voorspelling - wat alles stoel op animalisme, animisme of simpatie. Deur die hele volksplantkunde vleg hierdie drade en hulle illustreer die natuurfilosofie van die onderkultuur. Schrijnen maak die volgende stelling: „Onze flora is het trouwe beeld van de voortbrengselen van onzen Nederlandschen volksaard."[4] Dit is woordeliks toepaslik op ons eie gebied; die plantkundige op vattings van die Afrikaanse volksmens verskil wesenlik nie van dié van ander Germaanse volke nie, maar dit neem in sommige aspekte 'n eie kleur aan. Veral tree duidelik waarneembaar is in ons volksplantkundige opvattinge en stellinge, en in hierdie verband kan die volgende woorde geld: „Het is den mensch eigen en den mensch waardig door het voltooien der behoeften en betrekking zijner natuur zich op te merken van de onderkultuur tot de bovenkultuur."[5] Die bodem is so intiem met die wese van ons volk geassimileer dat ons volkskultuur onafskeidelik daaraan verbonde geraak het. Hierdie volkskultuur is die siel van die nasie, en: „Vreemd kultuurgoed is smet noch schande, maar de eigen beschouing moet krachtig genoeg blijven, om dat vreemde kultuurgoed aan zich te assimileeren en om te versmelten, en daarom moet zij voeling blijven behouden met de voorvaderlijke onderkultuur, heilig erfdeel, vast en onschatbaar onderpand onzer nationale onafhankelijkheid."[6] Hierdie woorde is belangrik by 'n houding t.o.v. die Afrikaanse Volkskunde, en hier enger, teenoor die volksplantkunde.

Die primitiewe mens, en tot 'n mate ook die volksmens, sien 'n boom nie objektief aan nie. Dit is vir hom 'n lewende wese met 'n denkvermoë wat soos syne is. Die feit dat die blare van 'n boom ritsel, gee aanleiding tot die fantastiese eienskappe van die mens wat

---

1) Burne, C. S., „The Handbook of Folklore", 1914, p. 36.
2) Vgl. Ibid., p. 38; Coetzee, p. 76.
3) Coetzee, „Volksgeloof", p. 77
4) Schrijnen, p. 376
5) Ibid., p. 376.
6) Ibid., p. 378 - 379.

hierdie beweeglikheid animisties beskou.

Ons gebruik om gedurende kersfees groen takke in die huis aan te bring, is 'n reste van die boomkultus. Skoolkinders in die Westelike gedeelte van Transvaal, neem wilgertakke om hulle klaskamers te versier op die laaste dag van die laaste skoolkwartaal van die jaar.

In die Wes-Transvaal bestaan die gebruik om dooie honde aan die voet van vrugtebome te begrawe. Die algemene opvatting is dat dit die boom goed laat groei. Ons het hier te doen met 'n reste van 'n offergawe wat die goeie guns van die boom (animisties) moet inwin.

In die Engelse plantlore bestaan die geloof dat die brand van varings reent veroorsaak.[1] By ons bestaan daar geen plantlore in verband met die varing in geskrifte nie.

Die uiterlikheid van natuurverskynsels het 'n groot invloed op die volksopvattinge in verband met daardie verskynsels. In die Engelse volksgeloof word hangende plante met kwaad geassosieer.[2] By ons kan die begrip t r e u r w i l g e r in hierdie verband as 'n verbleekte opvatting van dieselfde verskynsel geld.

Om terug te keer tot die plantlore. Die <u>blom</u> geld as die simboliese begrip vir baie afgeleide idees. Dit is die volk se beskouing van, en houding teenoor die natuur, en verdien dus 'n plek onder die volkswetenskap.

In die verbeelding van die volksmens neem blomme, kleure en ander sensuele voorwerpe 'n besondere simboliese betekenis aan. So is die roos die blom van Venus, die blom van liefde. Waar intellektualisme nie die vrye teuels van die verbeelding inhou nie, is die groei van plantlore ongehinderd. Hiermee neem blomme 'n meer spesifieke plek in die volksplantkunde in. Blomme word aangewend om bepaalde begrippe voor te stel. Eintlike blommetaal stam uit die Ooste. Vir die magterder Westerling is dit moeilik om deur middel van sulke vooropgestelde simboliek sy idees uit te druk. Hiervandaan spruit waarskynlik die Duitse spreekwoord: „Durch die Blume sprechen" (om deur middel van blomme te praat), d.i. om op 'n duistere wyse te praat.

In een van die nommers van O n s K l y n t j i het iemand oor blomsimboliek geskrywe.[3] In hoeverre die begrippe aan die blomme geheg, Afrikaans is, is nie so maklik om vas te stel nie. Hier volg die lys:

Akasias beteken kuise liefde;

---

1) Hole, Christina, „English Folklore", p. 94.

2) Ibid., p. 96.

3) Vgl. O n s K l y n t j i , Junie, 1900, p. 125.

gansblomme beteken „laag fan gedagte";

amandels is hoop;

wit angeliere beteken vernuftig;

aalweë is droefheid;

asters beteken opgeruimdheid onder verdrukking;

dalias is goeie smaak;

violette is sedig, stemmig;

heuningblomme is „soet en hylige liifde";

jasmyne is bevalligheid;

kampferfoelier is „bande van liifde";

wit lelies is reinheid;

geel lelies is valsheid;

malvas is simbole van swaarmoedigheid;

olywe is vrede;

passieblomme stel voor „geestelik bygeloof";

perskeblomme beteken „ek is jou gefangene";

peerblomme dui toegeneentheid aan;

pruimblomme stel voor getrouheid;

rose is simbolies van liefde;

die sneeubal beteken „gebonde";

die sonneblom is simbolies van die begrip „versiering";

rooi tulpe stel voor „verklaring van liifde";

die waterlelie stel „reinheid van hart" voor;

Die samesteller van hierdie lys gee ongelukkig geen verdere verklarings nie, en meld ook nie vanwaar hy sy gegewens ontleen het nie. Opmerklik is die rol van die liefdesbegrip groot in hierdie blomsimboliek. Dit stam uit die volksmens se poëtiese neigings. Verder dui dit op morele begrippe.

Die bekende tuingewasse word veelal in die volksgeneeskuns aangewend. In Nederland word die acil uit die saad van die appelkoos (Abrikoos < Frans A b r i c o z) gepers en teen swere en oorpyne gebruik.[1] Ses of sewe perskepitte verhoed dronkenskap - dit stel die persoon wat dit eet in staat om nog meer wyn te geniet.

Die katdoring, wat die geur van urine besit, word vir nier- en blaaskwale in die Nederlandse Volksgeneeskunde gebruik.[2] Wat daagliks in die boer se ervaringslewe voorkom, word deur sy praktiese sin aan-

1) De Waal, p. 34.
2) Ibid., p. 41.

gewend om sy bestaan te vergemaklik.

„BLOMNAME EN HUL BETEKENISSE"

(„Waar die Volk Skep" deur dr. Abel Coetzee; „Die Brandwag" - 21/10/39).[1]

Blomme geld veral as bodes van liefde. Dr. Coetzee het 'n aantal ou volksboeke (ou liederebundels) ontvang wat in Suid-Afrika in omloop is.[1] Daar is o.a. boeke ontvang van Mokeetsi, Mtubatuba, Dullstroom, Turffontein, Vryburg, Heilbron, Tuinplaats, Brandfort, Wolmaransstad.

'n Aantal blomname dui op hulle verbintenis in die volksopvattinge aangaande liefde: Soen-in-die-hekkie, jonkmansknopie, poeierkwassie, bruidskransie, bruidsblom, vergeet-my-nie.

Blomme het nie oral en altyd dieselfde „betekenisse" nie, bv. as jy 'n afrikanerblom aan 'n nooi gee of dit van haar ontvang, dan beteken dit: Ek gee my hart aan jou; Jy is 'n steen des aanstoots; my geluk hang van jou af. Die duisendskoon beteken: Jou liefde verruk my; jy verneuk my.

Die lemoenbleisel beteken: Trou in die liefde; jy is 'n bruid (bruidegom); ek bemin jou. Die olyftak is sinnebeeldig van vrede. 'n Palmtak beteken: Ek troos jou in jou droefheid. Die sipres beteken: Ek min jou tot in die graf; ek bemin jou tot die dood toe.

Van wolkswetenskaplike belang is natuurlik die neiging in bogemelde voorbeelde om verklarend te wees. Dit trag om 'n uitleg te gee van die verband tussen die simbool en die menslike gevoel wat daardie simbool opwek. Sekere blomme wek sekere emosies op, en heel onbewus trag die volksmens om daardie emosie te ontleed.

Oorsaak en gevolg word verklaar in die volgende gevalle: die brandnetel beteken: Laat my gaan, anders neem ek wraak. Hier verbind die volksmens die eienskap van die plant met sy eie innerlike gevoel. Die vasklou-eienskappe van die klits gee daaraan die volgende volksverklaring: Ek druk jou aan my hart vol liefde. Die geur van die kamille skep 'n verklaring wat oorsaak en gevolg met mekaar verbind: Jy is vir my 'n aanstoot. So beteken die kruisemint: Jy ruik aangenaam.

Die volksvermuf word geopenbaar in die volgende blomnaamverklarings: grafblom, josefskleed, varkoor, klimop; hulle beteken respektiewelik: treurig, ons dag sal ook eendag kom; jy is mooi, maar jou maniere geval my nie en saal op of: jy verveel my.

---

1) Artikel, „Die Brandwag", 21/10/39.

Begripsassosiasie word aangetref in 'n hele aantal verklaringe van blomme. Meesal word 'n blom verbind met die begrip: Jy is lieflik. Voorbeelde bestaan in:

dahlia: jy is skoon van aangesig;

angelier: jy verenig siel en liggaam;

madeliefie: onskuld;

japonika: volkome lieflikheid;

katjiepiering: jou oë is lieflik;

sering: jy is my eerste liefde;

viooltjie: jy is lieflik;

appelblom: jy kry die voorkeur.

Die geel kleur van sommige blomme wek die begrip jaloesie op:

geel dahlia: jy is jaloers;

geel aster: 'n swak liefde, jaloesie;

geel heide: die liefde word minder;

geel roos: jaloesie verwek haat.

'n Besondere liefdesbetekenis word geheg aan rooi blomme. Dit is weer 'n bewys van die onbewuste drang van die mens om sy emosies te verklaar deur middel van 'n uiterlike simbool. Rooi is die kleur van die lewensessensie, van bloed, vandaar die volgende verklaringe van die liefdesemosie deur middel van rooi blomme:

rooi dahlia: ek dra jou in my hart;

donkerroi angelier: opregte vriendskap;

rooi aster: ek bemin jou;

granaat: wanneer gaan ons trou? ;

rooi roos: vurige liefde;

rooi salie: joue vir altyd.

Wit blomme dui op opregte gevoel; so beteken bv. :

wit dahlia: wil jy jou aan my verloof? ;

wit aster: ons is bly om mekaar weer te sien;

wit lelie: ek dra jou in my hart.[1]

---

1) „Die Brandwag", 20/10/39.

Een van die beginsels van naamgewing berus op 'n ooreenkoms van een of ander aard. Die volksmens word getref deur 'n sekere ooreenkoms tussen die p l a n t en iets anders. Aangesien ons hier te doen het met begripsassosiasie, skaar ons hierdie afdeling van die volksnaamgewing onder die volksplantkunde. Vandaar sulke plantname soos die volgende: jonkmansknoop, poeierkwas, lintgras, koringblom, vingerpol, bokkloutjie, bokhorinkie, volstruisoog, vaarlandswilg (<vaderlandswilger). Hierdie vergelykende name is vanselfsprekend. 'n Groter openbaring van die verbeeldingskrag van die volk as van sy wetenskaplike begripsassosiasie, is: ou-wywe, soen-in-die-hekkie, oupa-se-hoed, engelsman, afrikaner.[1]

Ons kan in hierdie aspek van die Afrikaanse Volksplantkunde oorspronklike volkskepping aanneem. Verklarend van die verband tussen ooreenkomstige verskynsels en ook gerig op die praktiese sin van die volksmens, is hierdie plantlore.

Soos die meeste dinge in die lewe van die volksmens is die volksplantkunde heg versmee aan sy innerlike aard. Intiem weerspieël die volksmens se opvattinge i.v.m. die plantegroei van sy bodem sy liefde vir, en kennis van daardie bodem. 'n Bestudering van al die skakeringe op die gebied van die plantlore is 'n bestudering van één aspek van die kultuurbesit van die eie volk. Die plantlore toon die gebondenheid van die volksmens met die aarde. Die volksplantkunde openbaar die onderkulturele geestelike laag van diegene wat daardie wetenskap by ons geskep het - die Afrikaanse volksmens. Sy geestesprodukte op die gebied van die volksplantkunde is gebore uit die psigiese assosiasies wat by die volksmens ontstaan as gevolg van die noue kontak met sy bodem. Ons kan die verskynsels op die gebied van die Afrikaanse Volksplantkunde naïef noem, omdat dit oorspronklik en natuurlik ontgin is sonder enige bewuste intellektuele toedoen van die Afrikaanse volksmens se wese.

Ons wil egter gladnie voorgee dat daar 'n geestelike skeiding bestaan tussen wat ons onder die begrippe volksmens en kultuurmens skaar nie. Elk bestaan in sy eie sfeer, en die basis van die bestaan van beide is die algemeen-menslike gees en daarom is alle verskynsels wat skeppinge van die menslike gees is, net so elasties soos die menslike gees self. Vir die volkskundige is die wedersydse beïnvloeding van hierdie twee geestelike sfere van aansienlike belang. Daarsonder kan geen kultuur, opper- of benede, ooit sterk en individueel wees nie. Hierby sluit dan die waarde van die volksplantkunde aan; dit vorm 'n stoel vir die kultuurplantkunde. In die volksplantkunde sal omlaaggesonke opperkultuurgoed aangetref word, in die kultuurplantkunde sal

---

1) „Die Brandwag", 5 April, 1940.

spore van bevrugting van die onderlaagkultuur die opperkultuurlaag bereik. Hierdie wisselwerking tussen die kultuurgoed van 'n gemeenskap is voortdurend soos die lewe.

Waar die bestaan van die Afrikanerdom besonder kort is in vergelyking met die stamlande, moet ons verwag dat die Afrikaanse tradisie op die gebied van die volksplantkunde nie 'n uitgebreide sal wees nie. Daar is egter 'n eindelose verskeidenheid in die Suid-Afrikaanse plantewêreld, waarvan die Kaapprovinsie met sy buitengewone blommerykdom die meerderheid uitmaak. Aangesien die Kaapprovinsie ook die bakermat van ons beskawing is, moet ons hier veral gaan soek vir die oudste volkskundige gegewens i.v.m. die Afrikaanse plantlore. Die 19de eeu sal spore oplewer wat deur veral die Voortrekkers in die lewe gebring is. Na hierdie nomadiese periode in ons beskawingsgeskiedenis, sou die eintlike blyftyd egter eers aanbreek, want van nou af is die volk min of meer gevestig op sy bodem - iets wat sy intieme omgang met die plantlewe in sy natuuromgewing sou bevorder. So is die tweede helfte van die 19de eeu dan 'n tydperk van eenheidswording. Uit hierdie tyd dateer dan eers die eintlike volksskeppinge op die gebied van die volksplantkunde. Miskien is hierdie onmiddellikheid 'n rede dat die Afrikaanse planteryk nog nie volkome deurgesypel het tot in die ragwerk van die Afrikaanse volksmens se geesteslewe nie. Weer beklemtoon ons die feit dat dit vir toekomstige navorsers 'n aangewese taak is om deur middel van geografiese ondersoek op te spoor en te bewaar wat daar waar ten eem val op hierdie gebied van die Afrikaanse volkswetenskap.

B E S L U I T .

Oorskou ons die behandelde gebiede van die Afrikaanse volkswetenskap, vind ons dat dit in die eerste plek 'n openbaringsvorm van die Afrikaanse volkskultuur is. Dit is 'n groot geestelike legaat van die Afrikaanse volksmens en behoort as sodanig bewaar te word.

Die uitinge wat ons daarin teëkom, is volkskundige verskynsels en moet as sodanig slegs aan volkskundige norms gemeet word. In hierdie sin is die volkswetenskap 'n maatstaf waarmee ons die standaard en aard van die Afrikaanse volkskultuur kan meet. Dit help ons om waardevolle kennis van ons eie kultuurgoed en kultuurbesit te kry, want 'n kultuur kan gemeet word aan die wetenskap wat dit voortbring. Hierdie kennis is waardevol, want dit leer ons watter dooie gewigte, óf andersinds, die vooruitgang en selfstandige ontwikkeling van ons volkslewe strem of bevorder. Ons leer ook dat vanaf die opperkultuurlaag moet die ontwikkelingsrigsnoer aangewys word van die volkskarakter en die volkskultuur; volgens hierdie rigting moet die benede-kultuurlaag dan ook voortgaan. Daar moet 'n wisselwerking wees en 'n ontmoetingsterrein van die twee kultuurlae naasmekaar, sodat daar 'n wedersydse bevrugting kan geskied. 'n verfynde opperkultuur kan in geen nasie bestaan as die wortels daarvan nie diep uit die bodem van die volkskultuur gevoed word nie. Ons moet nie die fout begaan:[1] „om te dink dat slegs die opperlaag waarde het vir die vasstelling van wat beskou word as die kultuur van 'n volk nie."

As ons hele volkskultuur in al sy lae en vertakkinge gesond moet bly, moet ons sorg dat die voedingsbodem van daardie kultuur gesond bly. Om dit in die hand te werk en om suiwer-Afrikaanse volksdinge wat nog bestaan, aan te kweek en aan te moedig, moet hulle in beskerming geneem word sodat dit ewig bewaar kan word.

'n Bydrae tot hierdie kennis word verskaf deur 'n studie van die Afrikaanse Volkswetenskap. Wetenskap in die algemeen is 'n term wat die georganiseerde kennis van die mens - beide feitelik en teoreties - omskryf. Wetenskap het sekere eienskappe gemeen met die ander norms waarin die mens se kennis ook geopenbaar word, maar in sekere fundamentele opsigte kom verskille voor tussen wetenskap en bv. filosofie, geskiedenis of metafisika. In die algemene sin van die woord verondersstel wetenskap 'n logiese en sistematiese ondersoek in die wese van die dinge wat deur die mens in die wêreld waargeneem word. Dit is 'n objektiewe, empiriese ondersoek in die wese van dinge.

---

1) Dr. Coetzee in „Die Afrikaanse Denker", p. 77.

Waarneming en gevolgtrekkinge i.v.m. en aangaande die verskynsels buite die mens se bewussyn om, gee aanleiding tot 'n m e t o d e van ondersoek. Die aard van die metode van ondersoek hang dan af van die beoefenaars, m.a.w. van die wetenskaplikes. En hiermee is ons weer terug by die aanvangspunt. As die volksmens die wetenskaplike is, is sy wetenskaplike metode 'n uitvloeisel van die volksaard. Die aard van sulke wetenskap is dan volksaardig, m.a.w. ons het dan te doen met die volkswetenskap. Hierin het ons dan tot 'n benaderde bepaling geraak van die Afrikaanse volkskultuur deur 'n studie van die Afrikaanse Volkswetenskap.

G E R A A D·P L E E G D E B R O N N E .

1. Andel, dr. M. A. van: „Klassieke Wondermiddelen", J. Noorduyn en Zoon, Gornichem, 1928.

2. Annandale: „Encyclopaedia".

3. Baron Sloet, Mr. L. A. J. W.: „De Plant en Dier in het Germaansche Volksgeloof en Volksgebruik", Marthinus Nijhoff, 'S Gravenhage, 1890.

4. Boshoff, dr. S. P. E. : „Beskouinge en Feite", Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria, 1936.

5. Boshoff, dr. S. P. E. : „Volk en Taal van Suid-Afrika", J. H. de Bussy, Bpk., Pretoria, 1921.

6. Botha, C. Graham : „Place Names in the Cape District", uitgawe van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging van Geskiedkundige Stukke; Kaapstad, 1917.

7. Burne, C. S. : „The Handbook of Folklore", Sidgewick en Jackson, Londen, 1914.

8. Coetzee, dr. A. : „Die Verhaalskat van ‚Ons Klyntji', 1896 - 1906", Voortrekkerpers, Bpk., Pretoria en Potchefstroom, 1940. (Uitgawe nr. 3 van die Patriot-Vereniging).

9. Coetzee, dr. A. : „Volksgeneeskuns in Suid-Afrika" (Ongepubliseerde artikel, bestem vir die Nederlandse Volkskundige blad E i g e n V o l k).

10. Coetzee, dr. A. : „Die Afrikaanse Volksgeloof", N. V. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1938.

11. Cock, Alfons de : „Volkssage, Volksgeloof en Volksgebruik", Gust Janssens, Antwerpe.

12. Devitt, Napier: „The Spell of South Africa", H. F. and G. Witherby Bpk., Londen, 1938.

13. Dyer, T. F. T. : „English Folklore", David Bogue, Londen, 1880.

14. Dykman, mej. E. J. : „De Suid-Afrikaanse Kook-, Koek- en Resepte Boek", Paarlse Drukpers Mpy., Bpk., Paarl, 14de druk, 1908.

15. Fisher, R. B. : „The Importance of the Cape of Good Hope", G. Sidney, Londen, 1816.

16. Fitzsimons, F. W. : „Slange en die Behandeling van Slangbyt", Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1929.

17. Freud, prof. S. : „Totem and Taboo", Kegan Paul, Trubner en Kie, Bpk., Broadway House, Carterlaan 68-74, E.C., Londen, 3de druk (Engelse vertaling deur A. A. Brill).

18. Gewin, Everard : „Nederlandsch Volksgeloof", W. J. Thiemie en Kie., Zutphen, 1925.

19. Hattingh, S. C. en Rautenbach, S. C. H. : „Volkskuns uit die Eerste Tydperk", Voortrekkerpers, Johannesburg, 1942.

20. Heese, J. de V. en Van Rooyen, G. H. : „Natuur- en Landboulessies", nr. 10. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1937.

21. Hole, Christina : „English Folklore", B. T. Batsford, Bpk., Londen, 1940.

22. Kok, dr. B. : „Die Vergelyking in die Afrikaanse Volkstaal", J. L. Van Schaik, Bpk., Pretoria, 1942.

23. Kritzinger, dr. M. S. B. : „Afrikaanse Spreekwoorde, Gesegdes, ens.", J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1942.

24. Lichtenstein, H. : „Travels in Southern Africa", Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1928, deel I, (Engelse vertaling deur A. Plumptree).

25. Malherbe, dr. D. F. : „Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme", Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein, 1924.

26. Marloth, R. : „Dictionary of the Common Names of Plants", Specialty Press of South Africa, Bpk., Kaapstad, 1917.

27. McDougall, William : „Body and Mind, a History and a Defense of Animism", Methuen & Co., Ltd., Essexstraat 36, W. C., Londen, 6de druk, Julie 1923.

28. Mees, C. A. : „Flora Diabolica", I. Teirlinck, „De Sikkel", Antwerpe.

29. Nienaber, drs. P. J. en G. S. : „Die Afrikaanse Dierverhaal", Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein, 1942.

30. Northall, G. F. : „English Folk-Rhymes", Kegan Paul, Trench Trubner en Kie., Bpk., Londen, 1892.

31. Pettman, C. : „South African Place Names", Daily Representative, Bpk., Queenstown, 1931.

32. Pijper, dr. C. : „De Volksgeneeskunst in Transvaal", J. J. Groen en Zoon, Leiden, 1919.

33. Praag, Siegfried E. van : „Wij en de Dieren", N. V. Mij., WEreldbibliotheek, Ameterdam, 1932.

34. Prins, Winkler : „Algemene Encyclopaedie".

35. Rasch, J. : „Nederlandsche Folklore", De N. V. Uitgeversmaatschappij, A. E. Kluwer, Deventer, 1935.

36. Rasch, J. : „Ons Volk", N. V. Uitgeversmaatschappij; „De Tijdstroom", Lochem.

37. Riebeeck, Jan van: „Daghverhaal", deel II (1656 - 1658), M. Nijhoff, 'S-Gravenhage, 1892.

38. Roberts, dr. Austin : „The Birds of South Africa", Central News Agency, Johannesburg, 1940.

39. Rooyen, G. H. van en Heese, J. de V. : „Ons Land se Voëls", Nasionale Pers, Bpk., Bloemfontein, 1936.

40. Scholtz, J. du P. : „Uit die Geskiedenis van die Naamgewing aan Plante en Diere in Afrikaans", Nasionale Pers, Bpk., 1941.

41. Schonken, F. Th. : „De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen," Swets en Zeitlinger, Heerengracht 496, Amsterdam, 1914.

42. Schrijnen, dr. Jos. : „Nederlandsche Volkskunde", W. J. Thiemie en Kie, Zutphen, 2de druk, deel II, 1933.

43. Spamer, A. : „Wesen, Wege und Ziele der Volkskunde", F. Brandstetter, Leipzig, 1928.

44. Sparrman, dr. A. : „An Account of a Journey into Africa from the Cape of Good Hope, and a description of a new species of Cuckaw", 1776.

45. Smith, J. L. : „The Sociology of Rural Life", Harper & Bros., New-York en Londen, 1940.

46. Waal, dr. M. de : „Nederlandsche Land- en Tuinbouwgewassen in de Volksgeneeskunst", H. Veenman en Zonen, Wageningen, 1934.

47. Watt, J. M. en M. G. Breyer-Brandwijk: „The Medicinal and Poisonous Plants of Southern Africa", E. en S. Livingstone, Edinburgh, 1932.

48. Wielligh, G. R. von : „Dierestories", dele III-IV, J. L. van Schaik, Pretoria, 1921 en 1922.

V E R S P R E I D E B R O N N E : -

„Ons Klyntji", D. F. du Toit en Kie., Paarl.
1896, 1897, 1898, 1903, 1905, 1906.

„Die [illegible]dwag".
3/6/38, 8/7/38, 29/7/38, 26/8/38, 10/6/38, 16/9/38, 14/10/38, 28/10/38, 15/8/38, 4/11/38, 6/1/39, 3/3/39, 16/6/39, 16/10/39, 20/10/39, 5/4/40, 26/7/40, 11/4/41, 10/4/42, 16/9/40, 7/8/42, 25/6/43, 23/7/43.

„Die Naweek".
25/3/43, 18/3/43, 1/4/43, 8/4/43, 15/4/43, 22/4/43.

„Die Huisgenoot".
13/11/31, 4/12/31, 10/4/31, 24/6/32, 18/1/35, 23/10/36, 11/12/36, 2/12/38, 11/11/38, 21/5/43, 8/2/35, 15/11/35, 10/1/36, 19/6/36, 22/10/37.

„Ons Suid-Afrikaanse Plantegroei" deur R. H. Compton, M. A., Direkteur van die Nasionale Botaniese Tuin, Kirstenbosch, Kaapstad.

„Ons Suid-Afrikaanse Nasionale Wildtuine" deur Stevenson-Hamilton. Uitgawe van die United Tobacco Kie., 1940.

„Ons Suid-Afrikaanse Voëls" deur dr. A. Roberts. Uitgawe van die United Tobacco Kie..

„Die Afrikaanse Denker", deel I, nr. 2, September 1938, p. 77 - 80.

Author Hudson Charles William
Name of thesis Die Afrikaanse Volkswetenskap. 1943

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.